



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

INTERMEDIÊRE FASE

GRAAD 6

NOVEMBER 2016

AFRIKAANS HUISTAAL V3

PUNTE: 30

TYD: 1 uur

NAAM: _____



Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING


1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS.
AFDELING A: Opstel (20 punte)
AFDELING B: Transaksionele Teks (10 punte)
2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.
3. Nommer elke skryfstuk soos wat dit in die vraestel genommer is bv. 1.1 indien jy die onderwerp gekies het.
4. Skryf netjies en leesbaar.
5. Beplan jou werk voordat jy begin skryf (bv. kopkaart, sleutelwoorde).
6. Skenk aandag aan spelling en sinskonstruksie.
7. Gebruik jou tyd as volg:
40 minute vir AFDELING A
20 minute vir AFDELING B
8. Skryf elke AFDELING op 'n NUWE bladsy.

AFDELING A: OPSTEL – KREATIEWE TEKS**INSTRUKSIES**

1. Kies net EEN van die volgende opdragte hieronder.
2. Skryf 'n opstel van 140–150 woorde (6–8 paragrawe).
3. Dui die vraagnommer en titel bo die teks aan, bv. VRAAG 1.1: HELDEDAAD

1.1 SUID-AFRIKA

Springbokke, Bafana, Bafana, Proteablom, biltong, son, see en heuwels. O ja laat my nog dink aan nog ander eienskappe so eie aan ons land. Gee my die mooie, bloue Suid-Afrika, ons pragtige land. Skryf 'n **Beskrywende opstel** van julle land Suid-Afrika met sy pragtige verskillende plekke.




[20]

OF

1.2 MY HELD/HELDIN

Dikwels is daar een persoon in 'n mens se lewe wat 'n goeie invloed op jou het. Ons begeer dan om soos daardie persoon te wees. Skryf 'n **Verhalende opstel** en sê hoekom die persoon jou held/heldin is, wie die persoon is en wat jou held/heldin doen.



OF

1.4 BANG, BANGER, BANGSTE

Skryf 'n **Kreatiewe skryfstuk** met bogenoemde titel. Die volgende woorde kan jou gedagtes dalk aan die gang sit: donkerte, onheilspellend, klop-klop, donderweer, wat skraap so...?



[20]

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B: KORTER TRANSAKSIONELE TEKS**VRAAG 2****INSTRUKSIES**

- Kies net EEN van die volgende opdragte en skryf 'n skryfstuk van ongeveer (60–80) woorde. (2–3 paragrawe).
- Beplan voor jy skryf.
- Dui die vraagnommer en die titel duidelik bo die finale skryfstuk aan.

2.1 TRANSAKSIONELE TEKS: DAGBOEKINSKRYWING

Jy en jou beste maat het vandag baklei. Jy besef dat dit jou skuld was. Skryf 'n dagboekinskrywing waarin jy vertel wat gebeur het. Beskryf hoe jy daaroor voel.

[10]**OF****2.2 INSTRUKSIE
INSTRUKSIES – KAMER SKOONMAAK**

Hoe om my kamer skoon te maak. Jou ma het jou gevra om jou kamer skoon te maak. Verskaf instruksies stapsgewys hoe om jou kamer skoon te maak. Onthou om jou benodighede en metode neer te skryf.

[10]**OF****2.3 'N OOGGETUIE-VERSLAG (BYLAE 1) (Bladsy 8)**

Daar gebeur altyd iets interessant/gevaarlik in ons dorpe. Jy is 'n ooggetuie en het 'n ontvoering waargeneem. Vul die verslagvorm volledig in.

[10]**TOTAAL AFDELING B: 10****GROOTTOTAAL: 30**

BLANKO BLADSY

BYLAE 1

ONTVOERINGSVERSLAG

Naam van getuie	Geboortedatum
Adres	
Datum van ontvoering	

Beskryf dit wat jy gesien het. Wees spesifiek. Sê waar dit gebeur het. Wanneer dit gebeur het en wat gebeur het.

Datum _____ Handtekening van getuie _____ **[10]**